SORS EN LIDA - PROFIEL

Ons, Sors en Lida, is al 'n leeftyd by Lewensverryking Seminare betrokke. Ons het 5 kinders van die Here ontvang, 4 seuns en 'n dogter. Ons is baie trots op elkeen van hulle. Dat hulle almal in 'n persoonlike verhouding met die Here staan, is vir ons 'n groot vreugde. Vier van ons kinders is getroud en ons is geseën met 8 kleinkinders.
Terwyl ek, wat Sors is, as apteker gepraktiseer het, het die Here my geroep om voltyds in Sy diens te staan . In 1971 begin ons as predikantspaar in ons eerste gemeente. Dit het vir ons 'n passie geword om in die woorde van Kolossense 3 die Here in alles wat ons doen, te verheerik. Vers 17, NLT, *Verder doen alles of dit nou met woorde of dade is - asof julle dit namens die Here Jesus doen. Só is julle heeltyd besig om deur Hom dank aan God die Vader te bring.*

Ons het in 1975 in 'n nuwe gemeente begin werk waar ons later in 1980, op aandrang van sakevriende, Lewensverryking Seminare begin het as 'n firma van die Here. Dis nou (2010) 30 jaar later.

Ons is baie gelukkig getroud en bied as egpaar die seminare aan. Ons twee vorm saam 'n sterk span omdat Sors se swak punte Lida se sterk punte is, en andersom. Ons sal nooit oor 'n saak besluit as ons nie saamgestem het en die vrede wat Christus bewerk, die skeidsregter is nie: V*erder laat die vrede wat Christus bewerk het, in julle lewe skeidsregter wees... (*Kol 3:15 NLT).

Ons kom maklik met mense oor die weg, en wil ons graag, soos die Here ons lei, die evangelie aan alle mense in ons land en selfs buite die grense daarvan, bring.

Een van Sors se gawes is bemoediging en daar het hy oor die jare male sonder tal gesien hoedat die Heilige Gees mense kan heelmaak.

Ons glo dat hierdie bediening sal voortbestaan tot by die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Wat die Bybel betref, is dit vir ons die onfeilbare Woord van God , en ons streef om altyd daaraan gehoorsaam te wees omdat Ps 119:162 sê : *Oor u Woord is ek so bly soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het*.